

Gereformeerde Kerk Bellville – 11 Maart 2018 – Aand

Sing vooraf staande: Psalm 128:2, 3 (p. 627)

- 2 Soos ons met welgevalle / die wingerdstok aanskou,
en tel die trossetalle / wat ons die blare^oontvou
so sal sy in jou lewe, / die huisvrou van jou jeug,
aan jou die volheid gewe / van huiselike vreug.
- 3 Soos jong olyfboomplante, / wat uitspruit sterk en fris,
so bloei aan alle kante / jou kinders om jou dis.
O wie van dié getal is, / hy wat die HERE vrees,
vir wie God een en al is – / hy sál geseënd wees.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 145:1, 2, 12 (p. 696)

- 1 U Naam, o HEER, so hoog in heerlijkheid, / wil ek verhef vir ewig en altyd;
u Koningseer wat alle krone^ooorstraal, / wil ek verhoog in onvermoeide taal.
- 2 Die HEER is groot, daar is geen sanggeluid / wat ooit sy lof in volle waarde uit!
Dit is 'n see waar niemand in kan meet, / dit is 'n vloed waar ons geen grond van weet.
- 12 Maar nou, my siel, waar eindig ooit Gods eer?... / Nog sal ek uitroep: Lof! Lof aan die HEER!
Laat alle vlees vir ewig en altyd / sy Naam verhef so hoog in heerlijkheid!

Gebed

Psalm 90:7, 9 (p. 455)

- 7 Maar wie kan leef met enkel voort te klae?... / Leer ons dan so te tel ons lewensdae
dat wysheid ons kan voortlei in ons gange, / ons hart kan vul met dankb're lofgesange.
Hoe lank, o HEER?... Ons dae gaan verby! / Keer tot ons weer, betoon ons medely!
- 9 Laat ons u werk aanskou wat nooit beswyk nie! / Laat van ons kroos u heerlijkheid nie wyk nie!
Laat oor ons aanlig al u lieflikhede! / En, HEER, verhoor ons in ons laaste bede:
Bevestig by die onguns van die tyd, / bevestig tog ons werk in ewigheid.

Skriflesing: Genesis 17:1-14; Handeling 2:37-42;
Heidelbergse Kategismus, Sondag 27:74

Kernvers: Genesis 17:7; Handeling 2:38-39

En Ek sal my verbond oprig tussen My en jou en jou nageslag ná jou in hulle geslagte as 'n ewige verbond, om vir jou 'n God te wees en vir jou nageslag ná jou. (Genesis 17:7 AFR53)

En Petrus sê vir hulle: Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang. Want die belofte kom julle toe en julle kinders en almal wat daar ver is, die wat die Here onse God na Hom sal roep. (Handeling 2:38-39 AFR53)

Heidelbergse Kategismus

Vraag 74: Moet die jong kinders ook gedoop word?

Antwoord: Ja, aangesien hulle net soos die volwassenes in die verbond van God en sy gemeente ingesluit is (a). Ook aan hulle word nie minder as aan die volwassenes deur die bloed van Christus die verlossing van sondes (b) en die Heilige Gees wat die geloof werk (c), beloof nie. Daarom moet hulle ook deur die doop as teken van die verbond in die Christelike kerk ingelyf en van die kinders van die ongelowiges onderskei word (d). So is dit in die Ou Verbond deur die besnydenis gedoen (e), in die plek waarvan in die Nuwe Verbond die doop ingestel is (f).

(a) Gen 17:7. (b) Matt 19:14. (c) Luk 1:15; Ps 22:11; Jes 44:1-3; Hand 2:39. (d) Hand 10:47. (e) Gen 17:14. (f) Kol 2:11-13.

Tema: Is die kinderdoop Bybels?

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, in verlede Sondagaand se gesprek het die gelowige die vraagsteller daarop gewys dat 'n mens nie die doop moet oorskakel nie. 'n Mens oorskakel die doop wanneer jy vir mense vertel dat hulle net gered kan wees as hulle gedoop is. Dit is nie die doop wat 'n mens verlos nie. Dit is ook nie die doopwater wat

'n mens se sondes afwas nie. 'n Mens word alleen deur Jesus Christus verlos. En 'n mens se sondes word slegs deur die bloed en Gees van Christus afgewas. Die doop is deur Christus ingestel sodat die gelowige hierdie onsienlike werk van die Here beter kan begryp.

Die onderwerp van vanaand se gesprek is 'n onderwerp waarmee gelowiges te doen kry wanneer hulle in gesprek is met mense wat voorstanders is van die groot doop. Dit is gewoonlik mense wat aan die Baptiste kerke of aan die AGS en Volle Evangelie kerk behoort. Mense wat voorstanders is van die groot doop sê dat klein kindertjies nie gedoop behoort te word nie, want hulle glo nog nie. Hierdie mense regverdig hulle standpunt vanuit die Bybel deur daarop te wys dat elkeen wat in die Nuwe Testament gedoop is eers gegelo het en toe gedoop is.

Broers, susters en kinders, u sal onthou dat die gelowige die vraagsteller in verlede week se gesprek gelyk gegee het – klein kindertjies wat gedoop word, kan nog nie glo nie. Maar dit beteken glad nie dat hulle doop ongeldig of waardeloos is nie. In die doop ontvang daar-die klein kindjie die belofte van God dat Hy sy Vader wil wees, Christus wil sy Verlosser wees en die Heilige Gees wil hom heilig maak. Maar nou gaan dit by die doop nie net daar-oor om die belofte ontvang nie. Na aanleiding van die gelowige se belydenis in Sondag 26 gaan dit ook oor die gebruik van die doop.

Die gelowige het vertel hoe 'n gelowige sy doop gebruik. Elke keer wanneer die gelowige nadink oor die betekenis van die doop – dat God aan my die vergifnis van sondes gee ter wille van sy Seun Christus en ek onderwerp my aan die Heilige Gees se heerskappy – dan gebruik ek my doop. Vir 'n kind om self sy doop te gebruik beteken dit dat hy ook oud genoeg moet wees om te verstaan wat hy in die doop leer.

Om aan die vraagsteller duidelik te maak waarom ons in die Gereformeerde Kerk Bellville klein kindertjies doop, wys die gelowige hom op die verbond wat die Here met Abraham gesluit het. Wanneer 'n mens oor die doop in die algemeen en in die besonder oor die doop van kinders gesels, kan 'n mens nie anders as om oor die verbond van die Here te praat nie. Die woord *verbond* kom immers vier keer in die gelowige se antwoord voor.

Die vraagsteller wil by die gelowige weet wat die verbond van die Here met Abraham nou met die saak van die doop te doen het. Die verbond is mos nou iets wat tot die Ou Testament behoort. Christus het gekom en dit is mos nou die Nuwe Testament. Vir hierdie soort argumente moet 'n mens maar gereed wees wanneer daar oor die doop van kinders gepraat word. Iemand wat nie die voortgang van die verbond vanuit die Ou Testament na die Nuwe Testament kan insien nie, sien dikwels ook nie die eenheid tussen die Ou en Nuwe Testa-ment raak nie.

Vir die gelowige in hierdie gesprek met die vraagsteller is dit maklik om vir hom op die eenheid tussen die Ou en die Nuwe Testament te wys. Dit het immers in 'n baie vroeë gesprek al ter sprake gekom. In die gesprek aan die hand van Sondag 6 is daar gevra **Wie is hierdie Middelaar wat terselfdertyd ware God en ware regverdige mens is?** Daarop het die gelowige geantwoord: **Ons Here Jesus Christus.** En toe vra die vraagsteller: **Waaruit weet jy dit?** Luister net hoe die gelowige hom toe geantwoord het: **Uit die heilige evangelie, wat God self aanvanklik in die paradys bekend gemaak het. Daarna het Hy dit deur die heilige aartsvaders en profete laat verkondig en deur die offers en ander seremonies van die wet laat uitbeeld. Eindelijk het Hy dit deur sy eniggebore Seun vervul.**

Let op, dit is een heilige evangelie wat dwarsdeur die Bybel loop. In die tuin van Eden het God die belofte van Christus se koms gegee. Christus se koms is deur die aartsvaders en profete verkondig en in die offers en ander seremonies afgebeeld. Uiteindelik vervul God hierdie belofte – Jesus Christus is gebore en Hy het die verlossing gebring waaraan mense behoefte gehad het.

Die verbond wat die Here met Abraham gesluit het, kan ook so dwarsdeur die Bybel nagegaan word. Wanneer 'n mens aandagtig luister wat die Here vir Abraham in Genesis 17 sê, kan dit tog nie anders nie – die verbond moet mos dwarsdeur die Bybel voorkom. Vir Abraham het die Here gesê:

Ek sal my verbond oprig tussen My en jou en jou nageslag ná jou in hulle geslagte as 'n ewige verbond, om vir jou 'n God te wees en vir jou nageslag ná jou.

(Genesis 17:7 AFR53)

Die Here noem self sy verbond *'n ewige verbond*. Die woord wat ons met *ewig* vertaal, kan net beteken dat die verbond van die Here nooit sal eindig nie. En in die Bybel kry ons die getuienis dat hierdie verbond inderdaad vir ewig aanhou. Kyk wat belowe God wanneer Hy sy verbond Abraham sluit: **Ek sal jou God wees en ook die God van jou nageslag.** Dit beteken dat God hom en sy nageslag te midde van 'n vyandige omgewing sal bewaar, beskerm, versorg en lei. Verder beteken dit ook dat God sy sondes sal vergewe en die ewige lewe aan hom en sy nageslag sal gee (Rom 4).

Reeds in die Ou Testament sê die Here dat Hy 'n nuwe verbond met sy volk sal sluit. In Jeremia 31 hoor ons van hierdie nuwe verbond. Luister hoe sê die Here dit:

Maar dit is die verbond wat Ek ná dié dae met die huis van Israel sal sluit, spreek die HERE: Ek gee my wet in hulle binneste en skrywe dit op hulle hart; en Ek sal vir hulle 'n God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees. (Jeremia 31:33 AFR53)

Hierdie woorde haal die Heilige Gees in Hebreërs 8 aan wanneer Hy ons leer dat Christus die Hoëpriester is van 'n nuwe en beter verbond. Dus bestaan dieselfde verbond in die verlede voor Christus se koms en na sy koms in die Nuwe Testament. Maar die verbond hou vir ewig aan, dit wil sê ook na die wederkoms van Christus. Luister wat sê die Heilige

Gees in Openbaring 21: **En Hy het vir my gesê: Dit is verby! Ek is die Alfa en die Oméga, die begin en die einde. Aan die dorstige sal Ek gee uit die fontein van die water van die lewe, verniet. Hy wat oorwin, sal alles beërwe; en Ek sal vir hom 'n God wees, en hy sal vir My 'n seun wees.** (Openbaring 21:6-7 AFR53)

Die verbond bly dus dieselfde dwarsdeur die eeue tot in die ewigheid in. Dit hoor 'n mens in die inhoud van die verbond: **Ek sal vir jou 'n God wees en jy sal vir my 'n kind wees.**

Die Here het sy verbond aan Abraham en sy nageslag beseël en bekragtig met 'n teken en 'n seël. Abraham kry die opdrag van die Here dat hy en elke manlike persoon in sy huishouding tot by die heel jongste seun besny moet word. Elke seuntjie wat gebore word, moet op die agtste dag besny word. Hierdie besnydenis wat elke man aan homself gesien het, sal hom altyd herinner dat God belowe het om vir hom 'n God te wees. Maar die verbond bestaan nie net uit 'n belofte nie. Daar is ook 'n eis. Die een wat besny is, moet ook aan die Here gehoorsaam wees deur in die Here te glo en Hom te vertrou. Sodoende sal die mens vir wie die Here 'n God is, 'n kind van die Here wees.

Hierdie seremonie om 'n kind in die Ou Testament te besny het met bloed gepaard gegaan. Die bloed wat gevloei het tydens die seremonie was deel van die uitbeelding van die ewangelie. Onthou, as God in die verbond sê dat Hy iemand se God sal wees, belowe Hy ook die vergewing van sondes. In die offers van die diere het die Israëliete keer op keer gesien dat daar bloed moes vloei sodat hulle vergifnis van hulle sondes by God kry. Maar die bloed van diere kan tog nie die sondes van 'n mens wegwas nie. Dit is net die bloed en Gees van Christus wat 'n mens se sondes kan wegwas. Soos wat die bloed van die offers uitbeelding was van die offer van Christus waar Hy sy bloed vir sondaars gestort het, so het die bloed van die kind by die besnydenis ook vooruit gewys na die bloed van Christus waardeur daar vergifnis van sondes ontvang kan word.

In die gesprekke oor die doop tot dusver is dit al duidelik gemaak aan die vraagsteller dat die water van die doop 'n teken van die bloed van Christus is. Dit is nie die water wat die sondes afwas nie, maar die bloed van Christus waarna die water as teken verwys. Die doop is ook 'n seël. Met die doop word die dopeling verseker dat Christus se bloed sy sondes net so seker afwas as wat water die vuilheid van sy liggaam afwas. Wanneer die Here in Romeine 4 van die besnydenis praat, gebruik Hy woorde waarmee ons die sakrament van die doop beskryf. In Romeine 4:11 noem die Here die besnydenis 'n teken en 'n seël.

Uit wat die gelowige tot dusver aan die vraagsteller vertel het, word dit duidelik dat die besnydenis en die doop op dieselfde saak wys – 'n mens word verlos van jou sondes op grond van Christus se lyding en sterwe aan die kruis. By die besnydenis het die klem geval op die bloed wat moet vloei en dit is vervul in Christus se bloed wat Hy aan die kruis gestort het. In die plek van die besnydenis het die doop nou gekom wat met water gepaard gaan, want Christus het eenmaal sy bloed gestort vir die sondes van mense. Daarom hoef daar nie meer bloed gestort te word nie.

Die vraagsteller het dusver duidelikheid daaroor dat die verbond van God van die begin af tot in ewigheid aanhou. Die belofte van die Here in die verbond bly altyd dieselfde, naamlik dat Hy vir die mens 'n God sal wees en dat die mens vir Hom 'n kind sal wees. Die verbond bestaan nie net uit 'n belofte nie, maar ook uit 'n eis – die mens moet die Here gehoorsaam deur in Hom te glo en Hom te vertrou. Verder kom die vraagsteller ook agter dat die teken van die verbond van die Ou na die Nuwe Testament verander het. In die plek van die besnydenis het Christus die doop ingestel omdat Hy sy bloed eenmaal vir die sondes

gestort het. Nou is dit nie meer nodig om bloed te stort nie.

Die vraagsteller sê aan die gelowige: Maar dit sê nog nie dat klein kindertjies gedoop moet word nie. En nêrens in die Nuwe Testament staan daar een keer geskryf dat klein kindertjies gedoop is nie. Dit is waar, daar staan nêrens in die Nuwe Testament geskryf dat klein kindertjies gedoop is nie. Maar aangesien jy die eenheid van die Ou en Nuwe Testament verstaan en ook weet dat die verbond van die Here nie ophou nie, kan ons in die lig hiervan gaan kyk na die ouderdom van hulle wat besny is en gedoop is.

Wanneer die Here die besnydenis instel, is Abraham al nege en negentig jaar oud. Abraham het toe al lankal in die Here geglo en God het hom toe al lankal regverdig verklaar. Ismael – Abraham se seun by Hagar – was op dieselfde dag besny. Toe was Ismael al dertien jaar oud. Maar die Here sê glad nie vir ons of Ismael geglo het en of hy deur God regverdig gespreek is nie. En die Here gee dan die opdrag dat elke seuntjie op die ouderdom van agt dae besny moet word. Isak was so oud toe hy besny is. En niemand kon sê of hy sou glo nie. Maar die Here het ook nie verwag dat hy toe al moes sê dat hy in die Here glo nie. Wanneer Isak agt dae oud is, word hy besny en daarmee kry Abraham en Sara die ver-sekering dat die Here Homself aan die kind vasbind. Die Here het vir Isak gesê dat Hy sy God sal wees. Isak sal kind van God wees wanneer hy die Here op sy woord neem. Dus moes Abraham en Sara vir Isak van die Here leer sodat hy Hom kon liefkry en glo.

Nou lees ons in Handeling 2 wat Petrus vir die skare mense gesê wat op Pinksterdag in die straat van Jerusalem saamgedrom het. Nadat hy Jesus Christus as die Verlosser aan hulle verkondig het, is hulle diep in die hart getref deur die Woord. Hulle wou dadelik by Petrus en die apostels weet wat hulle moet doen. Dan sê Petrus:

Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang. Want die belofte kom julle toe en julle kinders en almal wat daar ver is, die wat die Here onse God na Hom sal roep. (Handeling 2:38-39 AFR53)

Kyk net wat word aan hierdie mense belowe. Wanneer hulle hul bekeer en glo dat Christus hulle Verlosser is, moet hulle hul laat doop sodat hulle daardeur die versekering kan kry dat God ook hulle sondes vergewe het en aan hulle die Gees gegee het. En dan gaan Petrus verder en sê dat hierdie belofte van sondevergifnis hulle – dit is die grootmense – én hulle kinders toekom.

Ons kan seker wees dat die grootmense wat die vraag aan die apostels gevra het op daardie dag gedoop is. Daar is egter nie 'n aanduiding of daar ook kinders op daardie dag gedoop is nie. Maar dan weet ons ook dat die Here nie 'n voorskrif gee oor die ouderdom wanneer iemand gedoop moet word nie. Nou sal jy vra: Maar waarom sê die Here nie ook by die doop soos by die besnydenis wanneer 'n kind gedoop moet word nie? Dit is nie nodig om iets te herhaal wat die Jode reeds geweet het nie. Ons sê weer: Dit is dieselfde verbond met dieselfde beloftes en dieselfde inhoud. In die tyd voor Christus se offer aan die kruis is die verbond beseël en bekragtig met die besnydenis. Na Christus se offer word dit beseël en bekragtig met die doop.

As 'n kind in die tyd voor Christus se offer die teken van die verbond ontvang het, hoeveel te meer behoort die kind van 'n gelowige die teken van die verbond in die tyd na Christus se offer te ontvang. Christus is immers die Hoëpriester van 'n nuwe en beter verbond. Daarom kan die gelowiges in die Nuwe Testament mos nie armer wees as die gelowiges van die Ou Testament nie. Om hierdie rede glo ons dat klein kindertjies van gelowiges ook

gedoop behoort te word.

Amen!

Slotgebed

Skrifberyming 16-1:1, 2 (Sb 15)

- 1 "Laat jul kinders tot My nader / en geen hindernis hul weer,
want die koninkryk der heemle / is hul erfdeel," sê die HEER.
- 2 "Wie nie needrig soos die kindjie / wat hier tussen julle staan,
so die Godsryk wil ontvang nie, / sal daar geensins binnegaan."

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
11 Maart 2018